# OOR BOEKE.

(By vergissing uitgelaat in Oktoberuitgawe).

1. **Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein:**
   W. M. de Villiers: Ek het gedwaal, 160 bl. 1944, 4/6.
   Sophie Roux: Vertraagde Lente, 488 bl. 1944, 8/6.
   A. J. Hanekom: Die Hoogste Prys. 'n Speurroman, 245 bl. 1944, 6/6.
   R. Britz: Mammon se Afgronde, 399 bl., 1944, 8/-.
2. **Pro-Ecclesia-drukkery, Stellenbosch**
   F.C.S.V.-uitgawes.
   **Die Ossewareeks:**
   H. J. Strauss: Instellings en organisasies tot eer van God, 35 bl., 1944, 1/6.
   F. Postma: Paul Kruger. 121 bl. 1944, 4/6.
   J. H. Coetzee: Jong Suid-Afrika, 93 bl. 1944, 2/6.
   **Die Verkennerreeks:**
   P. J. S. de Klerk: Kerk en Verbond, bl. 65, 1943, 2/6.
3. **Calvyn Jubileum-fonds. Geref. Kerk.**
   J. V. Coetzee: Neo-Calvinisme. 95 bl. 1944, 3/6.
4. **H.A.U.M., Kaapstad.**
   J. W. van Ryssen en andere: Die selfmoord van 'n Nasie, 96 bl., 1944, 3/6.

Hierdie studie bestaan uit drie afdelings: Afd. A oor die „Ekonomiese Aspek" is geskryf deur Ds. J. H. Kruger en beslaan bl. 7—12: 'n kort, eenvoudige, vaderlike inleiding. Afd. B oor die „Statistiese en Sosiale Aspekte" is saamgestel uit 'n groot aantal bronne deur Ds. J. W. Jansen van Ryssen en beslaan bl. 13—69. Dit is die waardevolste afdeling van die geskrif. Hier is aan die woord iemand wat 'n grondige studie van die volkseuwel van „Geboortebeperking" gemaak het; iemand vir wie die sonde tot in die diepste van sy wese aangegryp het; iemand wat soos 'n outestamentiese profeet in aangrypende taal ons volk toeroep: „Halt! Draai om! Die besoldiging van die sonde is die Dood!" Afd. C oor die „Sedelik-godsdienstige Aspek" (bl. 70—95) is geskryf deur Dr. B. J. de Klerk. Dr. de Klerk skryf op 'n rustige, oortuigende en wetenskaplike wyse.

Dit is 'n boek wat elke Christen, elke volksman, elke ouer, elke jongmens moet lees. Dit is 'n tydige roepstem van drie manne wat dit wel meen met ons volk en wat ook in die geskrif in diens van hul Here staan.

J. CHR. COETZEE.